# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 38

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die s[illegible]ente te gebruik, die Here openlik aan te [illegible]n die Christelike liefdegawes te gee. Ten tw[illegible]moet ek elke dag van my lewe van my bose w[illegible]us, en die Here deur sy Gees in my laat we[illegible] begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie l[illegible]

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word.



1 Korintiërs 9:13-14: Weet julle nie dat hulle wat in die tempel werk, uit die tempel eet, en hulle wat die altaar bedien, 'n deel van die offerande kry nie? So het die Here ook bepaal dat hulle wat die evangelie verkondig, uit die evangelie moet leef.

2 Timoteus 2:2: en dra dit wat jy deur baie getuies van my gehoor het, oor aan betroubare mense wat bekwaam sal wees om ook ander te onderrig.

2 Timoteus 3:14-15: Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus. Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam,

Titus 1:5: Hiervoor het ek jou in Kreta laat agterbly: dat jy onafgehandelde sake kan afhandel, en in elke dorp ouderlinge kan aanstel, soos ek aan jou opgedra het.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom

Levitikus 23:2-3: Praat met die Israeliete en sê vir hulle, 'My feesdae, die feesdae van die HERE wat julle as heilige byeenkomste moet uitroep, is die volgende: Ses dae lank moet werk gedoen word, maar op die sewende dag is dit 'n buitengewone Sabbat, 'n heilige byeenkoms. Julle mag geen werk doen nie. Dit is 'n Sabbat vir die HERE, waar julle ook al woon.

Psalm 40:10-11: Ek het die goeie boodskap van geregtigheid gebring in 'n groot byeenkoms, kyk, my lippe hou ek nie dig nie. U weet dit self, HERE. U geregtigheid het ek nie in my hart verberg nie, oor u trou en verlossing het ek gepraat. Ek het nie u troue liefde en waarheid vir 'n groot byeenkoms geheim gehou nie.

Psalm 68:27: Prys God in die byeenkomste, die HERE by die bron van Israel

Psalm 122:1: Ek was bly toe hulle vir my gesê het: "Kom ons gaan na die huis van die HERE."

Handelinge 2:42: Hulle het bly volhard in die leer van die apostels, die verbondenheid met mekaar, die breek van die brood, en gebede.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor,

1 Korintiërs 14:1: Jaag die liefde na, en streef na die gawes van die Gees, veral om te profeteer.

1 Korintiërs 14:3: Die een wat profeteer, praat egter wel met mense om hulle op te bou, te bemoedig en te vertroos.

1 Korintiërs 14:29: Laat twee of drie profete praat, en die ander dit sorgvuldig beoordeel.

1 Timoteus 4:13: Totdat ek kom, moet jy jou toelê op voorlesing, bemoediging en onderrig.

Openbaring 1:3: Gelukkig is die een wat dit voorlees, en ook hulle wat die woorde van dié profesie hoor, en vashou aan dit wat daarin geskryf staan, want die bestemde tyd is naby.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 38

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik

Handelinge 20:7: Toe ons op die eerste dag van die week byeengekom het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag wou vertrek, en sy rede uitgerek tot om middernag.

1 Korintiërs 11:33: Daarom, my broers, wag vir mekaar wanneer julle saamkom om te eet.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep

1 Korintiërs 14:16: Broers, as ek dan nou na julle kom en in tale spreek, watter nut het ek vir julle; tensy ek tot julle voordeel 'n openbaring of 'n insig of 'n profesie of 'n lering meedeel?

1 Timoteus 2:1-4: Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe, in alle godvresendheid en waardigheid, kan lei. Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee.

Deuteronomium 15:11: Ja, behoeftiges sal nie uit die land verdwyn nie. Daarom beveel ek jou: Maak jou hand wyd oop vir jou volksgenoot, vir die magtelose en die behoeftige in jou land.”

1 Korintiërs 16:2: Elkeen van julle afsonderlik moet op die eerste dag van die week 'n bedrag opsy sit, en volgens sy verdienste spaar, sodat die insamelings nie eers plaasvind wanneer ek kom nie.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?



Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

Jesaja 66:23: En dan, van nuwemaan tot nuwemaan, van Sabbat tot Sabbat, sal alle mense kom om voor My in aanbidding te buig," sê die HERE.

Hebreërs 4:9-10: Daar bly dus steeds 'n sabbatsrus oor vir die volk van God. Want wie in sy rus ingegaan het, het self ook gerus van sy werke – soos God van syne.

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

## SONDAG: 38 - VRAAG EN ANTWOORD:103

Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?

Antwoord: God wil Ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word[1]. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom[2] om die Woord van God te hoor[3], die sakramente te gebruik[4], die Here openlik aan te roep[5] en die Christelike liefdegawes te gee[6]. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe[7].

1 1 Korintiërs 9:13-14; 2 Timoteus 2:2; 2 Timoteus 3:14-15; Titus 1:5
2 Levitikus 23:2-3; Psalm 40:10-11; Psalm 68:27; Psalm 122:1; Handelinge 2:42
3 1 Korintiërs 14:1; 1 Korintiërs 14:3; 1 Korintiërs 14:29; 1 Timoteus 4:13; Openbaring 1:3
4 Handelinge 20:7; 1 Korintiërs 11:33
5 1 Korintiërs 14:16; 1 Timoteus 2:1-4
6 Deuteronomium 15:11; 1 Korintiërs 16:2
7 Jesaja 66:23; Hebreërs 4:9-10